LEER BY

die antieke gelowiges

STAP MET GOD SE KINDERS DEUR SY WOORD

DEEL 1

INHOUD

Bls. Nr.

Inleiding	5
Hoe om Bybelse verhale te verstaan	6
Week 1: 'n Geloofsverbintenis deur God ingestel	
Persoonlike Studie	11
Groepbespreking	16
Week 2: Onwrikbare geloof	
Persoonlike Studie	21
Groepbespreking	25
Week 3: Geloof te midde van teëspoed	
Persoonlike Studie	31
Groepbespreking	35
Week 4: Ek is wie Ek is	
Persoonlike Studie	41
Groepbespreking	45
Week 5: Ek wil meer hê, wys my U Glorie!	
Persoonlike Studie	49
Groepbespreking	54

Page No

Week 6: Die Rigters (Debora, Gideon en Simson)	
Persoonlike Studie	59
Groepbespreking	63
Week 7: Geloof en Toewyding (Naomi, Rut en Boas)	
Persoonlike Studie	69
Groepbespreking	73
Week 8: Gehoorsaamheid vs Ongehoorsaamheid (Samuel en Saul)	
Persoonlike Studie	79
Groepbespreking	83
Week 9: Dawid, ‘n man na God se eie hart	
Persoonlike Studie	89
Groepbespreking	94
Bronne	99

INLEIDING

Mense redeneer dikwels dat die Ou Testament slegs verhale is en daarom is dit nie van toepassing op die lewens van gelowiges vandag nie. Daar is egter geen afsnypunt tussen die Ou en die Nuwe Testament nie. Toe Jesus na hierdie aarde toe gekom het, was daar net die Ou Testament waaruit Jesus gelees, studeer en toe onderrig, gepreek en genees het. Die Woord van God is die geskiedenis van Sy Plan vir Verlossing vanaf Genesis tot Openbaring.

Deur die stories van die antieke gelowiges soos ons dit in die Ou Testament opgeteken vind, te bestudeer, sal ons belangrike lesse uit hulle lewens kan leer en kan ons die breekpunte in hul lewens identifiseer. Nie almal het dieselfde ervarings gehad nie, almal se pad is uniek. Sommige van hierdie mense se lewens is so gebroke dat alles blykbaar vernietig is. En dan gryp God in en verander hulle omstandighede in 'n groeigeleentheid.

God praat nie op dieselfde manier met almal nie, tog praat Hy met almal. Ons vertrou dat hierdie studie jou sal help om die breekpunte in jou lewe te verstaan en hoe om jou lewe te verander om God se uiteindelike plan vir jou te volg.

Soli Deo Gloria

HOE OM BYBELSE VERHALE TE VERSTAAN

‘n Narratief (verhaal) is 'n boodskap wat die besonderhede van 'n handeling of gebeurtenis of verloop van gebeure vertel. Bybelse narratiewe (verhale) is historiese narratiewe met meer klem op inligting. Dit teken aan wat werklik gebeur het, nie noodwendig wat moes gebeur het of wat elke keer behoort te gebeur nie. Baie van die karakters daarin is ver van perfek en hul optrede ook nie.

Die eerste sewentien boeke van die Ou Testament (Genesis tot Ester) is basies narratiewe. In hierdie vertellings vind ons beide dramatiese geskiedenis sowel as gesprekke. Die meeste narratiewe het intriges. Die intrige is die manier waarop die storie ontwikkel en dien om die leser se belangstelling te behou. Dit help ons om die betekenisvolle gebeure te verstaan en help ons om die boodskap wat met hierdie verhaal bedoel word, te verstaan.

Daar is drie sleutels wat noodsaaklik is om die boodskap van Bybelse narratief te ontsluit:

1. Die inhoud van die storie: Jy moet die volle storie lees. Dit is slegs deur die hele storie te lees dat jy die boodskap kan vind wat die skrywer bedoel het.

2. Identifiseer verskillende dele van die storie: Deur die inleiding, die intrige, die oplossing en die uitkoms te identifiseer, sal jy die verskillende aspekte van die storie kan verstaan.
3. Nou kan jy jou gevolgtrekkings maak op grond van die storie se inhoud.

Deur hierdie drie stappe met die SOAP Bybelstudie metode te kombineer, behoort jy in staat te wees om die absolutes (onveranderlike waarhede) wat vir die mense van die Ou Testament bedoel was te identifiseer EN daardie absolutes op jou lewe te kan toepas.

Dit is altyd nuttig om 'n notaboek te gebruik waarin jy kan aanteken wat jy uit die Woord van God geleer het.

LEER BY
die antieke geloviges

Week 1

'n Geloofsverbintenis deur God ingestel

Geheuevers:

Moenie bang wees nie… Ek beskerm jou! Jou beloning sal baie groot wees.

Genesis 15:16b

INLEIDENDE OPMERKINGS:

In ons wandel saam met God se mense deur Sy Woord, is daar is nie ‘n beter voorbeeld van ‘n man van God as Abraham, die vader van die gelowiges nie. God kies mense - normale mense - met 'n adres, 'n geskiedenis en 'n leefstyl, vir Sy plan met die wêreld. Abraham was nie iemand spesiaal, buite hierdie wêreld nie. Abraham was net 'n gewone man wat met God gewandel het. Maar dit is wat hom uitgesonder het en die deur vir God oopgemaak het om met hom te handel. Hierdie normale mens word deur God beweeg en God begin 'n reis saam met hom.

Dit *het begin met* DIE ROEPING VAN Abraham,
is *gevolg deur* GOD SE BELOFTE / VERBINTENIS,
in werking getree deur ABRAHAM SE GEHOORSAAMHEID,
en *dit het gelei tot ‘n lewe gevul* met GOD SE SEËN.

God het aan Abraham geen sekuriteite, geen aanwysings of eindadres gegee nie - slegs 'n verre bestemming. Dit was 'n roeping na 'n onbekende en, in menslike terme, onseker toekoms vir hom en sy hele huishouding. God het van Abraham gevra - 'Gee al jou sekuriteite op en in ruil daarvan gee Ek jou net 'n belofte'.

Van die wegspring af moes Abraham afhanklik wees van net EEN sekuriteit - God se WOORD. Wat beteken dit kan ook enigiemand van ons wees: enigiemand wat 'n lewende verhouding met die Lewende God het, kan Sy stem hoor en sodoende tot aksie en lewensveranderende diens aan God geroep word! Want God werk met mense. Normale mense. Soos ons!

PERSOONLIKE STUDIE

Lees die volgende Skrifgedeeltes gedurende die week:

Genesis 12
Genesis 15 en 16
Genesis 17
Genesis 18:1-15

- Gebruik die “SOAP”-beginsel hieronder om jou te help om beter te verstaan wat in die lewe van Abraham gebeur het.
- Lees die Skrif met geduld en let besonderhede goed op.
- Vergelyk ander Bybelvertalings met jou keuse van vertaling.

Soos ons verskillende stories deur die weke bestudeer, kan jy vind dat die spasie verskaf nie genoeg is nie. Daarom kan dit nuttig wees om 'n notaboek te gebruik om neer te skryf wat jy geleer het.

Skrif: (Lees die Skrifgedeelte en skryf die volgende neer: Maak 'n lys van die hoofkarakters in hierdie verhaal. Wat is die intrige (probleem) van hierdie storie? Wat is die oplossing vir die probleem? Wat is die belangrikste les wat in hierdie verhaal geleer is? Sien ook die bykomende vrae op bladsy 7.)

……

……

……

……

……

……

……

……

……

Observeer: (Wat neem jy waar oor die gedeelte? Oor die karakters, gebeure en aansprake wat gemaak word?

Wat het jy interessant gevind oor die Skrif? Wat het jy geleer?)

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

Aksie: (Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?)

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

Praat met Vader: (Gegrond op jou refleksies, praat nou met God.)

……
……
……
……

Bykomende vrae om jou te help om beter te verstaan:

1. Hoe het God Abraham geroep? Wat was die implikasies van God se roeping?
2. Wat was die verbond wat God met Abraham gesluit het? WIE was die Inisieerder van die verbond? Wat was die eerste en belangrikste vereiste om by die ooreenkoms te hou? Wat was die beloftes wat God onderneem het om te regverdig?
3. Wat was die teken wat God as deel van die nakoming van die verbond voorgeskryf het, en op wie was dit van toepassing?

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Moenie bang wees nie… Ek beskerm jou! Jou beloning sal baie groot wees.

Genesis 15:1b

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Genesis 15:7-21 en Genesis 17:1-27

Besprekingsvrae

Lees Genesis 15:1-5: Wat verras jou die meeste van hierdie God-oomblik in Abraham se lewe? God praat op verskillende maniere met sy volgelinge – watter maniere het Hy hier gebruik?

_____

_____

_____

Lees Genesis 15:6 en vergelyk dit met Hebreërs 11:6. Wat leer jy uit God se Woord?

_____

_____

Die enigste geloof wat as geloof erken word en 'n verskil maak, is die geloof wat God op Sy Woord neem. Dit is die enigste geloof wat God behaag en wat God kan gebruik.

Lees Genesis 17:1 en 3. Wie was die Inisieerder van die verbond? Wat was die eerste en belangrikste vereiste om by die ooreenkoms te hou?

_____

_____

Lees Genesis 17:2, 4-8 en 19-21. Wat was die beloftes wat God onderneem het om na te kom?

_____
_____
_____
_____

Lees Genesis 17:9-14. Wat was die teken wat God as deel van die nakoming van die verbond voorgeskryf het, en op wie was dit van toepassing?

_____
_____

Is die verbond vandag nog van toepassing op gelowiges? Hoe raak dit jou geloofslewe?

_____
_____
_____

Sluit in gebed

Week 2

Onwrikbare geloof

Geheuevers:

….God sal sy eie offerlam voorsien.

Genesis 22:8a

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Enigeen wat kennis opdoen of 'n vaardigheid of 'n uitdaging bemeester, word getoets. Elke mens wat 'n verhouding met God het, sal getoets word, want volgens Johannes is sonde daardie gesindheid en optrede wat 'n goeie verhouding met God bederf, of so 'n verhouding onmoontlik maak.

God het 25 jaar belê in die bou van die geloof en karakter van Abraham – wie hy gekies het om die voorvader van Sy uitverkore volk te wees. Nou was dit die tyd om die kwaliteit van sy geloof/karakter te toets. En wat 'n brutale toets – gefokus op sy sagte plekkie, sy EIE BLOED. Genesis hoofstuk 22 is 'n verslag van Abraham se optrede, opgeteken vir die kerk om van te leer.

PERSOONLIKE STUDIE

Lees die volgende Skrifgedeeltes gedurende die week:

Genesis 21
Genesis 22
Genesis 23
Genesis 24

Genesis 25: 1-11

- Gebruik die “SOAP”-beginsel hieronder om jou te help om beter te verstaan wat in die lewe van Abraham gebeur het.
- Lees die Skrif met geduld en let besonderhede goed op.
- Vergelyk ander Bybelvertalings met jou keuse van vertaling.

Skrif: (Lees die Skrifgedeelte en skryf die volgende neer: Maak 'n lys van die hoofkarakters in hierdie verhaal. Wat is die intrige (probleem) van hierdie storie? Wat is die oplossing vir die probleem? Wat is die belangrikste les wat in hierdie verhaal geleer is?)

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

Observeer: (Wat neem jy waar oor die gedeelte? Oor die karakters, gebeure en aansprake wat gemaak word? Wat het jy interessant gevind oor die Skrif? Wat het jy geleer?)

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

Aksie: (Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?)

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

……
……

Praat met Vader: (Gegrond op jou refleksies, praat nou met God.)

……
……
……
……
……
……

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

….God sal sy eie offerlam voorsien.

Genesis 22:8a

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Genesis 22:1-19 en Hebreërs 11:1, 17-19

Besprekingsvrae

Vergelyk Genesis 17:19 en 21 en Genesis 22:2 en beskryf die toets wat aan Abraham gegee is.

_____

_____

Hoe het Abraham gereageer?

_____

_____

Dit was antieke tye. Hulle kon nie net die motor aanskakel, die sleepwa haak, Bunnings toe gaan en weg is hulle nie ... Skryf neer watter voorbereiding jy dink was in daardie dae nodig as iemand baie ver moes reis (veral sonder om te weet hoe lank) om so ‘n spesifieke taak te gaan uitvoer?

_____

_____

Lees Genesis 22:7-12. Abraham het tyd alleen saam met sy seun nodig gehad, en Isak het antwoorde van sy pa nodig gehad. Kan jy jou indink wat deur hul gedagtes gegaan het terwyl hulle alleen verder geloop het? Dit moes baie moeilik gewees het! Kan jy sien hoe Abraham sy seun deur 'n moeilike en onregverdige situasie geleer het hoe om aan geloof alleen vas te hou? Skryf jou aannames neer

van hoe hulle dalk gevoel het. Wat tref jou van Abraham se ONWANKELBARE GELOOF?

_____

_____

Vergelyk Genesis 22:12b en Hebreërs 11:6b. skryf God se antwoord en erkenning van Abraham se toewyding in jou eie woorde, en probeer beskryf wat dit beteken om God TE VREES (om God te behaag).

_____

_____

Lees Hebreërs 11:17-19. Wat het dit vir Abraham moontlik gemaak om hierdie toets te slaag?

_____

_____

Lees Hebreërs 11:1,2,6. Wat is geloof?

_____

_____

Abraham was nie die enigste pa wat Sy Seun in die oë moes kyk toe hy nie 'n ander uitkoms kon verskaf nie. Vergelyk die vele ooreenkomste wat gevind word in Genesis 22:5-8 en Matteus 26:36-39 en let veral op Genesis 22:7 en Matteus 26:39b - elkeen van hulle begin

met die aanspreekvorm: “(My) Vader” of in hul taal: “Abba”. Bespreek die belangrikheid van hierdie ooreenkomste vir jou geloof.

_____
_____
_____
_____

Sluit in gebed

Week 3

Geloof te midde van teëspoed

Geheuevers:

Dis nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God.

Genesis 45:8a

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Josef is die vierde geslag – die agterkleinseun - van Abraham. Sy verhaal verskil van dié van Abraham, Isak en Jakob, want God het nooit direk met Josef gepraat nie en engele het ook nooit met hom gepraat nie. Hy ontvang drome sowel as die interpretasie van drome.

Wanneer ons na die verhaal van Josef kyk, sien ons dat dit ontwikkel van hom wat die gunstelingseun is, aan slawe verkoop word, gevangenisskap in die tronk, tot die aanstelling as hoof van die administrasie van die Farao en die redding van sy families se lewens.

In sy boek, “Unlocking the Bible”, skryf David Pawson: *The story of Joseph is the vital link, explaining how Jacob en his family migrated down to Egypt. It links us with the next part of the Bible. When the Bible tells us about Joseph, it is remarkable to see that nothing is told about his weaknesses… There is no trace whatever of a wrong attitude or reaction in Joseph’s character… Joseph is a man who seems to have no concern for himself, but a deep concern for everyone else… Joseph becomes what is known as a “foreshadowing” of Jesus. It is as if God is showing us in the life of Joseph what he is going to do with his own son.*

PERSOONLIKE STUDIE

Lees die volgende Skrifgedeeltes gedurende die week:

Genesis 37
Genesis 39
Genesis 40
Genesis 41
Genesis 42-45

- Gebruik die “SOAP”-beginsel hieronder om jou te help om beter te verstaan wat in die lewe van Josef gebeur het.
- Lees die Skrif met geduld en let besonderhede goed op.
- Vergelyk ander Bybelvertalings met jou keuse van vertaling.

Skrif: (Lees die Skrifgedeelte en skryf die volgende neer: Maak 'n lys van die hoofkarakters in hierdie verhaal. Wat is die intrige (probleem) van hierdie storie? Wat is die oplossing vir die probleem? Wat is die belangrikste les wat in hierdie verhaal geleer is?)

……
……

……
……
……
……
……
……
……
……
……

Observeer: (Wat neem jy waar oor die gedeelte? Oor die karakters, gebeure en aansprake wat gemaak word? Wat het jy interessant gevind oor die Skrif? Wat het jy geleer?)

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

Aksie: (Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?)

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

Praat met Vader: (Gegrond op jou refleksies, bid 'n gebed tot God.)

……
……
……
……

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Dis nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God.
Genesis 45:8a

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Genesis 45:1-28

Besprekingsvrae

Gedurende die week het jy deur al die hoofstukke oor Josef se lewe gelees. Wat was jou eerste indrukke van Josef? Bespreek in die groep.

_____
_____
_____
_____

Van gunstelingseun tot kaal in 'n put - en dan as slaaf weggevoer. Van slaaf tot herehuis tot tronk – tot hoof van die Farao se administrasie. Elkeen van hierdie gebeurtenisse het 'n keerpunt in Josef se lewe gebring. Het slegte omstandighede 'n beduidende keerpunt in jou lewe teweeggebring? Wat was die rol wat die Here hierin gespeel het?

_____
_____
_____
_____
_____

Watter verskil kan die Here se teenwoordigheid maak in 'n mens se diepste behoefte? Hoekom ervaar ons dit nie altyd soos Josef nie? Het jy al ervaar dat jou verbintenis

met die Here moeilike omstandighede draaglik gemaak het? Bespreek in die groep.

_____
_____
_____
_____

Lees Genesis 45:5 en 8. Dit is die kerntekste van die hele verhaal. Wat het Josef gelei om tot hierdie gevolgtrekking te kom?

_____
_____
_____
_____
_____

Kan jy aan jou eie omstandighede dink as die voorbereiding vir beter dinge? Is jy bereid om God se hand in jou omstandighede te erken? Verduidelik jou antwoord.

_____
_____
_____
_____
_____

Probeer as 'n groep maniere vind waarop die verhaal van Josef jou aan Jesus herinner.

_____

_____

_____

Sluit in gebed

Week 4

Ek is wie ek is

Geheuevers:

Toe sê God vir Moses: "Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: 'Ek is' het my na julle toe gestuur."

Eksodus 3:14

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Wanneer ons oor die eienskappe van God praat, probeer ons vrae beantwoord soos: Wie is God, en watter soort God is Hy? 'n Eienskap van God is ‘n waarheid omtrent hom. Terwyl dit vir ons as beperkte wesens onmoontlik is om Hom ten volle te begryp, maak God homself wel op 'n verskeidenheid maniere bekend. Deur wat Hy oor homself in sy Woord en in sy skepping openbaar, kan ons begin om ons gedagtes om ons ontsagwekkende God en Skepper te draai.

God is anders as enigiets of enigiemand wat ons ooit kan ken of voorstel. Hy is enig in sy soort, uniek en sonder vergelyking. Selfs om Hom met blote woorde te beskryf, skiet werklik tekort om vas te vang wie Hy is – ons woorde laat eenvoudig nie reg geskied om ons heilige God te beskryf nie.

PERSOONLIKE STUDIE:

Lees Eksodus 3 en 4 in die volgende twee dae

- Gebruik die “SOAP”-beginsel hieronder om jou te help om beter te verstaan wat die rede vir hierdie gedeelte is en aan wie dit gerig is.

- Lees die Skrif met geduld en let besonderhede goed op.
- Vergelyk ander Bybelvertalings met jou keuse van vertaling.

Skrif: (Lees die Skrifgedeelte en skryf die volgende neer: Maak 'n lys van die hoofkarakters in hierdie verhaal. Wat is die intrige (probleem) van hierdie storie? Wat is die oplossing vir die probleem? Wat is die belangrikste les wat in hierdie verhaal geleer is?)

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Observeer: (Wat neem jy waar oor die gedeelte? Oor die karakters, gebeure en aansprake wat gemaak word? Wat het jy interessant gevind oor die Skrif? Wat het jy geleer?)

_____
_____
_____

_____
_____

Aksie: (Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?)

_____
_____
_____
_____
_____

Praat met Vader: (Gegrond op jou refleksies, bid 'n gebed tot God.)

_____
_____
_____
_____
_____

Lees soveel as moontlik van die volgende verwysings gedurende die res van die week.

Jakobus 1:17
Hebreërs 13:8 en Maleagi 3:6
Kolossense 1:17 en Psalm 147:5
Job 11:7-11
Jesaja 46:9-10

Psalm 139:7-10
Romeine 11:33
2 Timoteus 2:13
Psalm 34:9
Romeine 9:15-16 en Psalm 145:8
1 Johannes 4:7-8
Openbaring 4:8
Habakuk 3:4

- Lys die eienskappe van God.

Skryf in een of twee sinne 'n opsomming oor wie God is.

Neem hierdie week tyd om Hom te aanbid vir wie Hy is.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Toe sê God vir Moses: "Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: 'Ek is' het my na julle toe gestuur."

Eksodus 3:14

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Eksodus 3:1-15 en Job 11:7-11

Besprekingsvrae

Lees Eksodus 3:1-6. Wie is die Engel van God? Wat dink jy was betekenisvol daaraan dat God vir Moses gesê het om sy sandale uit te trek? Wat beteken dit vir jou om 'n heilige God te aanbid?

_____

_____

Lees Eksodus 3:7-12. Wat leer jy by God in jou situasies in die lewe? Lys die dinge wat jy geleer het oor God se teenwoordigheid in ons lewensituasies.

_____

_____

_____

Eksodus 3:13-15. Wat is in 'n naam? Wat kan hierdie naam van God ons oor God se karakter leer?

_____

_____

Lees ten slotte Job 11:7-11 en aanbid God.

Sluit in gebed

LEER BY
die antieke gelowiges

Week 5

Ek wil meer hê, wys my U Glorie!

Geheuevers:

Die Here het vir Moses geantwoord: "Ook wat jy nou gevra het, sal Ek doen. Ek is jou goedgesind en Ek ken jou op jou naam." Toe sê Moses: "Laat ek tog net u magtige verskyning sien!"

Eksodus 33:17-18

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Moses word meer dikwels in die Nuwe Testament genoem as enige ander Ou-Testamentiese figuur. Vir Christene is Moses dikwels 'n simbool van God se wet, soos dit in die leringe van Jesus versterk en uiteengesit word. Moses word dikwels die middelaar van die Ou Verbond genoem. As ‘n tipe Christus, was hy die tussenganger tussen die Jode en die God wat hulle uit die land van slawerny bevry het.

Net soos Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond deur Sy bloed, het Moses ‘n baie intieme verhouding met God gehad. Hierdie week gaan ons kyk wat die gevolg van so ‘n verhouding met God is.

PERSOONLIKE STUDIE

Lees Eksodus 33 en 34 in die volgende drie dae

- Gebruik die “SOAP”-beginsel hieronder om jou te help om beter te verstaan wat die rede vir hierdie gedeelte is en aan wie dit gerig is.
- Lees die Skrif met geduld en let besonderhede goed op.

- Vergelyk ander Bybelvertalings met jou keuse van vertaling.

Skrif: (Lees die Skrifgedeelte en skryf die volgende neer: Maak 'n lys van die hoofkarakters in hierdie verhaal. Wat is die intrige (probleem) van hierdie storie? Wat is die oplossing vir die probleem? Wat is die belangrikste les wat in hierdie verhaal geleer is?)

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

Observeer: (Wat neem jy waar oor die gedeelte? Oor die karakters, gebeure en aansprake wat gemaak word? Wat het jy interessant gevind oor die Skrif? Wat het jy geleer?)

……
……

……
……
……
……
……
……
……
……
……

Aksie: (Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?)

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

Praat met Vader: (Gegrond op jou refleksies, bid 'n gebed tot God.)

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

Lees die volgende verwysings gedurende die res van die week:

Psalm 104:1-4
Romeine 1:20
Eksodus 15:11 en 16:7
Eksodus 24:9-11 en 40:34-38
2 Kronieke 5:13-14 en 7:1-3
Openbaring 4 en 5

- Skryf in een of twee sinne 'n opsomming oor Moses en sy verhouding met God. Neem hierdie week tyd om meer tyd saam met God deur te bring en vra Hom om Homself meer aan jou te openbaar.

- Met verwysing na die Skrif hierbo beskryf God se heerlikheid in 'n sin of twee.

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Die Here het vir Moses geantwoord: "Ook wat jy nou gevra het, sal Ek doen. Ek is jou goedgesind en Ek ken jou op jou naam." Toe sê Moses: "Laat ek tog net u magtige verskyning sien!"

Eksodus 33:17-18

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Eksodus 33:7-22 en Eksodus 34:5-10 en 28-35

Besprekingsvrae

Lees Eksodus 33:7-11. Wat het die volk gesien toe Moses die Here ontmoet het? Wat dink jy beteken dit dat “die Here van aangesig tot aangesig met Moses sou praat, soos 'n man met sy vriende praat?”

_____

_____

_____

Lees Eksodus 33:12-22. Wat sê verse 15 en 16 oor die Christelike lewe? Wat dink jy wou Moses regtig sien toe hy God gevra het om hom sy heerlikheid te wys? Hoe sou God se heerlikheid lyk?

_____

_____

_____

Eksodus 34:5-7. Hoe beskryf God Homself in verse 6 en 7? Watter van hierdie is vir jou die kosbaarste? As jy God beskryf vir iemand wat Hom nie ken nie, hoe sou jy dit doen?

_____

_____

_____

Eksodus 34:28-35. Hoe het Moses se voorkoms verander nadat hy ’n lang tyd in God se teenwoordigheid deurgebring het? Kan jy enige veranderinge beskryf wat in jou lewe gebeur het as gevolg van tyd saam met die Here?

_____

_____

_____

Sluit in gebed

Week 6

Die Rigters
(Debora, Gideon, Simson)

Geheuevers:

Vertrou volkome op die Here
en moenie op jou eie insigte staatmaak nie.
Ken Hom in alles wat jy doen
en Hy sal jou op die regte pad laat loop.

Spr. 3:5-6

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Nadat Moses die Israeliete uit Egipte gelei het, het Josua hulle na die beloofde land gelei. Maar toe Josua en sy geslag gesterf het, het die Israeliete se kennis van God ook gesterf. Hulle het ander gode begin aanbid. Daarom het die Here hulle aan hulle vyande oorgegee en die nasies rondom hulle gebruik om hulle te toets, om te sien of hulle in sy weë sou wandel soos hulle voorvaders.

Toe verskyn daar 'n reeks stamleiers, wat rigters (regters) genoem word, op die toneel. God het hierdie manne en vroue gebruik om die Israeliete van hul vyande te red en hulle na Hom terug te lei. Ons moet nie die woord rigters (regters) in die sin van die hofstelsel verstaan nie. Die rigters was “probleem oplossers”, wat die volk van God van hulself en ander gered het. God is die enigste Regter wat Sy mense se probleme uitsorteer deur hierdie helde te gebruik. Die Boek Rigters teken hierdie donker hoofstuk in die antieke Joodse geskiedenis, en het elke rigter se dade en die omstandighede daar rondom aan.

Vir ons groepstudie gaan ons konsentreer op Gideon, Deborah en een van die vreesaanjaendste manne in die Bybel, Simson.

PERSOONLIKE STUDIE

Lees die volgende Skrifgedeeltes gedurende die week.

Rigters 4-5 – Die storie van Debora
Rigters 6- 8 – Die storie van Gideon
Rigters 13-16 – Die storie van Simson

- Gebruik die "SOAP"-beginsel hieronder om jou te help om die absolutes wat deur hierdie stories geleer word beter te verstaan.
- Gebruik dieselfde beginsels op elke storie afsonderlik.

Skrif: (Lees die Skrifgedeelte en skryf die volgende neer: Maak 'n lys van die hoofkarakters in hierdie verhaal. Wat is die intrige (probleem) van hierdie storie? Wat is die oplossing vir die probleem? Wat is die belangrikste les wat in hierdie verhaal geleer is?)

……
……
……
……
……
……
……

……
……
……
……
……

Observeer: (Wat neem jy waar oor die gedeelte? Oor die karakters, gebeure en aansprake wat gemaak word? Wat het jy interessant gevind oor die Skrif? Wat het jy geleer?)

……
……
……
……
……
……
……
……

Let op die mens se karakter en reaksie op God se genade en goedheid, geregtigheid en oordeel.

……
……
……
……
……
……

……
……
……

Aksie: (Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?)

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

Praat met Vader: (Gegrond op jou refleksies, bid 'n gebed tot God.)

……
……
……
……

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Vertrou volkome op die Here
en moenie op jou eie insigte staatmaak nie.
Ken Hom in alles wat jy doen
en Hy sal jou op die regte pad laat loop.

Spr. 3:5-6

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Rigters 6:1 tot Rigters 7:25

Besprekingsvrae

Lees Rigters 6:1-6. Gee 'n kort beskrywing van Israel se posisie. Wat het aanleiding gegee tot die godsdienstige agteruitgang? Het die Here Israel in die steek gelaat of het Israel die Here in die steek gelaat? Bespreek.

_____

_____

_____

Daar is 'n gesegde wat sê, wanhoop lei tot gebed. Is dit verkeerd om te bid wanneer jy in nood is? Bespreek.

_____

_____

Lees Rigters 6:11-16. Bespreek die stelling: Die engel by die parskuip het 'n keerpunt in Gideon se lewe gebring. Kan jy dalk getuig van 'n soortgelyke ervaring in moeilike omstandighede? Deel met die groep.

_____

_____

_____

Lees Rigters 6:16-24. Gideon het die Here vir 'n teken gevra. Dink jy nie dit was 'n bietjie voortydig nie, aangesien hy steeds die besoeker se identiteit betwyfel het? Waarom

was Gideon angstig toe hy uitvind dat hy met die Engel van die Here te doen het?

_____

_____

Lees Rigters 6:25-32. Wat was die diepste oorsaak van Israel se ellende en hoe word dit in Gideon se ouerhuis bewys?

_____

_____

Hoekom is Gideon bang? Weerhou menslike vrees ons soms om besluite oor ons eie lewens of dié van ons gesin te neem?

_____

_____

Lees Rigters 7:1-12. Die toneel vir 'n grootskaalse geveg is opgestel. Wie se kanse het op papier die beste gelyk? Watter verskil maak die feit dat die Gees van die Here Gideon in besit geneem het?

_____

_____

_____

Ons keerpunt-ervarings is nie altyd so drasties soos dié van Gideon nie, maar tog is daar geleenthede wanneer ons duidelik weet dat ons in die teenwoordigheid van die Here is. Deel sulke oomblikke uit jou lewe met die groep.

_____

_____

Sluit in gebed

Week 7

Geloof en toewyding (Naomi, Rut en Boas)

Geheuevers:

"Mag die Here by julle wees"

"Mag die Here u seen"

Rut 2:4b

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Die bloedverwant-losser is 'n manlike familielid wat, volgens verskeie wette van die Ou Testament, die voorreg of verantwoordelikheid gehad het om op te tree namens 'n familielid wat in die moeilikheid, gevaar of nood verkeer het. Die Hebreeuse term (*go el*) vir bloedverwant-losser dui op iemand wat eiendom afkoop of 'n persoon of red of loskoop. Die manier hoe iemand ’n bloedverwant verlos of losgekoop het, word die duidelikste geïllustreer in die boek Rut, waar Boas die bloedverwant-losser is.

Die verhaal van Rut en Boas begin wanneer Rut en haar skoonma, Naomi, terugkeer na Betlehem van Moab af waar hulle gewoon het. Naomi se man en albei seuns, een die man van Rut, het gesterf en die vroue sonder 'n manlike beskermer gelaat. Met hul aankoms in Bethlehem, stuur Naomi vir Rut om in die velde van Boas, 'n ryk familielid van Naomi, kos op te tel. Deur 'n reeks goddelike omstandighede, beroep hulle hul op hom as hulle *go el.* Boas stem in, neem Rut gewillig as sy vrou, en saam baar hulle 'n seun met die naam Obed, wat die oupa van Dawid, die voorvader van Jesus, geword het.

PERSOONLIKE STUDIE

Lees die volgende Skrifgedeeltes gedurende die week:

Rigters 21:24-25 & Rut 1
Rut 2
Rut 3
Rut 4
Matteus 1 en Matteus 20:28

- Gebruik die "SOAP"-beginsel hieronder om jou te help om die storie beter te verstaan.

Skrif: (*Beskryf Naomi se storie in jou eie woorde. Skryf die detail neer wat verband hou met die karakters in hoofstuk 1, wie, wanneer, waar, hoekom, hoe.*)

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

Observeer:

As ons terugkyk na die hele verhaal, wat staan uit ten opsigte van die geloof van Naomi, 'n Moabiet en Rut, 'n heiden? Dink nou na oor hoekom die geslagsregister so belangrik is.

……
……
……

Hoe en hoekom eindig hierdie historiese verhaal by Jesus. (Matteus 1, Matteus 20:28)

……
……
……
……
……
……
……

Kyk na die interaksie tussen Naomi en Boas en skryf neer wat dit oor hul karakter openbaar.

……
……
……

……

Wat was Boas se rol in die hele verhaal? Hoe pas dit in by die rol van die Messias in die Nuwe Testament?

……
……
……
……
……
……

Aksie: (Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?)

……
……
……
……
……
……

Praat met Vader: (Gegrond op jou refleksies, bid 'n gebed tot God.)

……
……
……
……

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

“Mag die Here by julle wees” “Mag die Here u seën”

Rut 2:4b

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Lees die Bybel gedeeltes by die besprekingsvrae saam met die vrae.

Besprekingsvrae

Lees Levitikus 19:9-10, 23:22 en Deuteronomium 24:19 en Rut 2:2 en 3. Wat was een van die maniere waarop God onder die wet van Moses vir die armes voorsien het? Waarom het Rut voorgestel om graan in die graanlande te gaan optel?

_____

_____

_____

Lees Rut 2:1-4. Wie was Boas? Watter ingesteldheid het hy teenoor sy werkers geopenbaar?

_____

_____

Lees Rut 2:5-16. Watter spesiale goedhartigheid het Boas aan Rut betoon? Watter gees openbaar Rut deur dit alles?

_____

_____

Lees Levitikus 25:23-25 en Deuteronomium 25:5-10. Wat was die rol van die bloedverwant-verlosser?

_____

_____

Lees Rut 3:1-5. Wat wou Naomi vir Rut doen en hoe moes dit bereik word?

_____

_____

Lees Rut 3:6-11. Wat het Rut van Boas gevra deur wat sy by die dorsvloer gedoen het? Wat was dit omtrent Rut wat Boas so beïndruk het?

_____

_____

Lees Rut 4:1-12. Wat het Boas ingestem om voor die ouderlinge en die mense van die stad te doen?

_____

_____

Lees Rut 4:22 en Matteus 1:1-16. Watter bekende Bybel karakter was van Boas en Rut af? Wie was hul belangrikste afstammeling?

_____

_____

In die Nuwe Testament word Christus dikwels as 'n voorbeeld van 'n bloedverwant-losser beskou omdat Hy ons as ons broer (Hebreërs 2:11) ook verlos van ons groot behoefte, wat net Hy kan bevredig. Vergelyk Boas en

Jesus as bloedverwant-lossers as ‘n groep, en lys die punte van ooreenkomste wat daar is.

_____
_____
_____
_____
_____
_____

Sluit in gebed

LEER BY
die antieke gelowige

Week 8

Gehoorsaamheid vs ongehoorsaamheid (Samuel en Saul)

Geheuevers:

Is brandoffers and ander diereoffers net so aanneemlik vir die Here as gehoorsaamheid aan sy bevel? Nee, gehoorsaamheid is beter as offerande, om te luister is beter as die vet van ramme.

1 Samuel 15:22

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Die laaste openbare taak wat Samuel as profeet verrig het, was om Saul as koning te salf. Die volk het vir Samuel gevra of hulle 'n koning kan hê, net soos die nasies rondom hulle. Hulle het geweet God is hulle koning, maar hulle wou iemand hê wat sigbaar was. Saul maak 'n goeie begin as 'n koning en verslaan die Ammoniete. Dit hou egter nie baie lank nie.

Samuel se taak was om die woord van God aan Saul oor te dra, maar Saul het arrogant en ongehoorsaam geword. Op die slagveld het hy nie vir Samuel gewag nie, maar self die offer gebring. Toe Samuel vir Saul sê dat die Here hom beveel om die Amalekiete uit te wis, spaar Saul die koning. Samuel sê vir Saul dat, omdat hy die woord van die Here verwerp het, het God hom as koning verwerp. Rituele is geen plaasvervanger vir geregtigheid nie.

PERSOONLIKE STUDIE

Lees die volgende Skrifgedeeltes gedurende die week:

1 Samuel 1:1-23

1 Samuel 1:24-2:21

1 Samuel 2:22-4:1
1 Samuel 9 – 10:16
1 Samuel 13:1-15
1 Samuel 15

- Gebruik die "SOAP"-beginsel hieronder om jou te help om die storie beter te verstaan.

Skrif: (Lees die Skrifgedeelte en skryf die volgende neer: Maak 'n lys van die hoofkarakters in hierdie verhaal. Wat is die intrige (probleem) van hierdie storie? Wat is die oplossing vir die probleem? Wat is die belangrikste les wat in hierdie verhaal geleer is?)

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

Observeer: (Wat neem jy waar oor die gedeelte? Oor die karakters, gebeure en aansprake wat gemaak word? Wat het jy interessant gevind oor die Skrif? Wat het jy geleer?)

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

Aksie: (Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?)

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

……
……

Praat met Vader: (Gegrond op jou refleksies, bid 'n gebed tot God.)

……
……
……
……
……
……
……

Spesiale fokus op 1 Samuel 13 en 15:

1. Watter opdragte van die Here het Samuel aan Saul gegee?
2. Hoe het Saul die opdragte van die Here gevolg?
3. Wat was die gevolg van Saul se ongehoorsaamheid?
4. Wat is die belangrikste les wat in hierdie verhaal geleer is?

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Is brandoffers en ander diereoffers net so aanneemlik vir die Here as gehoorsaamheid aan sy bevel? Nee, gehoorsaamheid is beter as offerande, om te luister is beter as die vet van ramme.

1 Samuel 15:22

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

1 Samuel 10:9, 1 Samuel 13:1-15.

BESPREKINGSVRAE

Lees 1 Samuel 10:9. God het Saul se hart verander om hom in staat te stel om sy missie te vervul. Wat is die rol van Christene in leierskapposisies vandag? Is 'n mens in die eerste plek 'n Christen of eerstens 'n leier? En hoe bied om 'n leier te wees vir God geleentheid om te werk terwyl dit ook groot uitdagings aan 'n mens se geloof bied?

_____

_____

_____

_____

Hoe moet ons 'kies' watter Christelike leiers ons 'moet' volg of deur beïnvloed word (hetsy in die kerk of in die sekulêre wêreld)? En hoe moet dit ons persoonlike oproep om Christus te volg beïnvloed?

_____

_____

Lees 1 Samuel 13:1-15. Hoe het Saul God se bevel verontagsaam? Waarom het Samuel dit rebellie genoem?

_____

_____

_____

Wat is die rol van ongehoorsaamheid in jou lewe en die lewens van diegene rondom jou? Is daar 'n praktyk (geestelike rituele) waarin ons maklik verval of 'n versoeking wat regtig moeilik is om te vermy in terme van ons geloof in God of net in ons daaglikse lewe in die wêreld? (bv., ons kan dink dat ons God kan manipuleer om ons wil te doen deur op 'n sekere manier te bid (saam met ander rituele), of ons kan deelneem aan 'n algemene bygelowige praktyk wat deur die wêreld aanvaar word, maar 'n negatiewe uitwerking op ons geloof het). Bespreek in die groep.

_____

_____

_____

_____

_____

Dink na oor wat jy uit 1 Samuel 1-3 geleer het. Wat sien jy as sleutel kenmerke van die mense wat deur God geroep en bemagtig is om Sy werk te doen, en omgekeerd die sleutel foute van diegene wat God dalk geroep het, maar hulle versuim het om Hom te gehoorsaam en so hul geleentheid verloor het om saam met God te werk? Sleutel mense om na te kyk is Hanna, Samuel, Eli, Eli se Seuns

_____

_____

_____
_____
_____
_____

Wat is 'n area van jou lewe wat jy nodig het om (1) meer op God te vertrou, (2) meer gehoorsaam te wees aan Sy roeping op jou lewe, (3) meer uit Sy wysheid te leer, en (4) God om vergifnis te vra?

_____
_____
_____
_____
_____
_____

Sluit in gebed

Week 9

Dawid: 'n Man na God se hart

Geheuevers:

In u gebooie, wat ek liefhet, sal ek my verlustig. Op u gebooie, wat ek liefhet, sal ek al my hoop vestig. U voorskirfte sal my bybly.

Psalm 119:47–48

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Om te verstaan hoekom Dawid 'n man na God se hart was, moet ons sien watter eienskappe hy gehad het om vir so 'n verhewe beskrywing te kwalifiseer. In die boek Handelinge praat die apostel Paulus van God se gevoelens oor koning Dawid: *"Nadat God hom van sy amp onthef het, het Hy Dawid as koning oor hulle aangestel. Van hom het God gesê: 'Ek het in Dawid seun van Isai 'n man na my hart gevind.*' (Handelinge 13:22). Dawid is as 'n man na God se hart beskou, want hy het gedoen wat God ook al wou hê hy moes doen. 'n Voor die hand liggende vraag is hoe kon God nog vir Dawid 'n man na sy hart noem as Dawid sulke verskriklike sondes, insluitend egbreuk en moord, gepleeg het?

Ons leer baie van Dawid se karakter in die boek Psalms, waar hy sy lewe oopgemaak het vir almal om te ondersoek. Dawid se lewe was 'n portret van sukses en mislukking, en die Bybel beklemtoon die feit dat Dawid ver van volmaak was. Maar Dawid se hart was op God gerig. Hy het 'n diep begeerte gehad om God se wil te volg en "alles" te doen wat God wou hê hy moet doen. Hy het absolute geloof in God gehad. Nêrens in die Skrif word hierdie punt beter geïllustreer as in 1 Samuel 17 waar Dawid as jong herder seun die Filistyn, Goliat, vreesloos

vermoor het nie. Kort voor die tweestryd sien ons direkte bewyse van Dawid se geloof wanneer Dawid sê: *"'Die HERE wat my verlos het uit die poot van die leeu en uit die poot van die beer, sal my verlos uit die hand van hierdie Filistyn.*

Dawid was 'n man na God se hart omdat hy sy geloof gedemonstreer het en daartoe verbind was om die Here te volg. Ja, sy geloof is op groot skaal getoets, en hy het soms misluk. Maar ná sy sonde het hy die Here se vergifnis gesoek en ontvang. Dawid was lief vir God se Wet en het probeer om dit presies te volg. As 'n man na God se hart is Dawid 'n rolmodel vir ons almal.

PERSOONLIKE STUDIE

Lees die volgende Skrifgedeeltes gedurende die week:

1 Samuel 16-17 (Samuel salf Dawid, Dawid tree in Saul se diens, Dawid en Goliat)

Lees 1 Samuel 18-19 (Saul word bang vir Dawid en sy groeiende sukses en bekendheid, Saul probeer om Dawid dood te maak, maar hy ontsnap)

Lees 1 Samuel 24-26 (Dawid spaar Saul se lewe, Samuel se dood en begrafnis, Dawid spaar weer Saul se lewe en Saul seën Dawid)

Lees 2 Samuel 1-2 (Dawid hoor van Saul en Jonatan se dood, Dawid treur, Dawid is gesalfde koning van Juda, spanning tussen die huise van Dawid en Saul)
Lees 2 Samuel 7 (God se belofte aan Dawid – Die Dawidiese verbond)

- Gebruik die "SOAP"-beginsel hieronder om jou te help om die storie beter te verstaan.

Skrif: (Lees die Skrifgedeelte en skryf die volgende neer: Maak 'n lys van die hoofkarakters in hierdie verhaal. Wat is die intrige (probleem) van hierdie storie? Wat is die oplossing vir die probleem? Wat is die belangrikste les wat in hierdie verhaal geleer is?)

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

Observeer: (Wat neem jy waar oor die gedeelte? Oor die karakters, gebeure en aansprake wat gemaak word? Wat het jy interessant gevind oor die Skrif? Wat het jy geleer?)

……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……
……

Aksie: (Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?)

……
……
……
……
……
……
……

……
……
……
……
……

Praat met Vader: (Gegrond op jou refleksies, bid 'n gebed tot God.)

……
……
……
……
……
……

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

In u gebooie, wat ek liefhet, sal ek my verlustig. Op u gebooie, wat ek liefhet, sal ek al my hoop vestig. U voorskrifte sal my bybly.

Psalm 119:47–48

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

2 Samuel 7 en Handelinge 13:22

Besprekingsvrae

Lees Handelinge 13:22. As ons kyk na die lewe van Dawid, sy godvrugtige eienskappe en sy bekende gebreke, wat kan ons leer om as mense na God se hart te lewe? Beteken om 'n mens na God se hart te wees dat ons volmaak moet wees in ons Christelike dissipline en/of karakter?

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Hoe kan ons onvolmaakte maar vergeefde sondaars wees en terselfdertyd groei tot die beeld van Christus? Hoe verklaar ons al ons sondes, al het ons reeds die Heilige Gees in ons?

_____

_____

Lees Psalm 5:8, Psalm 95:6 en 7 en Psalm 132:7 en 8. Wat kan ons by Dawid leer oor aanbidding en intimiteit met God? Hoe kan ons leer om soos Dawid te wees in sy reflektiewe aard terwyl ons in die onophoudelike gewoel en gewerskaf van die wêreld van vandag leef?

_____
_____
_____
_____
_____

Wat kan ons leer oor intimiteit met God uit Dawid se mislukkings en die kere wat hy weggedraai het van God se roeping op sy lewe?

_____
_____
_____
_____
_____

Dink na oor 2 Samuel 7 en God se belofte aan Dawid en sy gesin. Hierdie belofte (die Dawidiese Verbond) het nie net God se toekomstige voorsienigheid oor Dawid se nageslag beskryf nie, maar dit het ook die koms van Christus ('n lid van die huis van Dawid) en sy opneem van die mantel van Verlosser-Koning deur Sy offer op die kruis en opstanding tot nuwe lewe, voorsien. Jesus maak 'n soortgelyke belofte aan sy volgelinge (Matteus 28:20), dat Hy met hulle (in die Gees) sal wees tot aan die einde van die tyd (die dag wanneer Hy terugkeer). Hoe gee hierdie belofte, soos die een wat aan Dawid gemaak is, jou hoop

vir nie net ons toekoms in die hemel wat kom nie, maar ook vir elke dag tussen nou en wanneer Jesus terugkeer?

_____
_____
_____
_____
_____
_____

Sluit in gebed

BRONNE

Pawson, David. Unlocking the Bible, HarperCollins Publishers, London, 2015

Smit, Johan. Wanneer die lewe nuut begin, CUM Uitgewers, Kaapstad, 2011.

Smit, Johan. Abraham-Avontuur - NGKerk Uitgewers, Kaapstad, 1981

Verskeie artikels van LOGOS:

- Die Bybellenium Eenvolume Kommentaar
- Warren W Wiersbe – Be obedient

Sean McLain, 'The Truly Good King', blog posted on 30th of March 2020, found online at: https://gfcnj.com/blog/2020/03/30/a-word-from-grace-monday-edition-the-truly-good-king

Steven J. Cole, 'A Heart After Gods Heart (1 Samuel 16 en 17)', posted on the 9th of September 2013, found online at: https://bible.org/seriespage/lesson-1-heart-after-god-s-heart-1-samuel-16-and-17

WG Blaikie, 1888, "Commentary on 2 Samuel 7", from The Expositor's Bible Commentary, W Nicoll (ed.), found online at: https://www.studylight.org/commentaries/eng/teb/2-samuel-7.html

ESV Global Study Bible, ‘Global Message of 1 Samuel’, found online at: https://www.esv.org/resources/esv-global-study-bible/global-message-of-1-samuel

ESV Global Study Bible, ‘Introduction to 1 & 2 Samuel’, found online at: https://www.esv.org/resources/esv-global-study-bible/introduction-to-1-2-samuel/

Matthew Henry, Commentary on the Whole Bible: 1 Samuel Chapter 15 https://www.biblestudytools.com/1-samuel/15.html#

John Gill, Exposition of the Bible Commentary, ‘1 Samuel 15:17-24’, found online at: https://www.biblestudytools.com/commentaries/gills-exposition-of-the-bible/1-samuel-15-17.html